VAN ONS SUSTERS

SUSTERSVERGADERING Dinsdagaand 6 Maart om 18:30.
Almal word hartlik uitgenooi na hierdie besonderse vergadering van ons Susters. Elsa Krugell gaan optree en praat oor haar navorsing wat handel oor die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899 - 1902. Die titel van die voordrag: *Die lewe van ingekerkerde gemeenskappe: 'n vergelykende studie uit kampdagboeke en - herinneringe gedurende die Suid Afrikaanse Oorlog 1899 - 1902*. Daar sal veral gelet word op die gevangenes se geestes-veerkrag en hulle oorlewingmeganismes. Dit sluit o.a. in inkerkering as fisieke ontwrigtingsfaktor, patriotisme, waaghalsige ontsnappings, hoop op nuus van geliefdes en die verloop van die oorlog en geestelike ontwrigting.
Jana van Ryssen is ons gasvrou op 6 Maart 18:30. Kom luister, kuier en leer ken die Susters in ons gemeente.
Die Susters vergader elke eerste Dinsdag van die maand. Onthou om manlief te reël vir die kinders.

SKENKINGS
Ons het nooit dankie gesê aan almal wat donasies gegee het vir verlede jaar se Gesamentlike Susters afsluiting nie. Toe ons die begroting vir hierdie jaar opstel was ons baie bly om te sien dat GK Potchefstroom se lidmate ons Sustersaksie so mooi ondersteun. Groete die Sustersbestuur.

OU KERKIE
Dankie aan elkeen wat die Ou Kerkie verlede week mooi gemaak en besoek het. Dit is die mooiste skat wat ons het. Kom ons waardeer dit weer.

HELPENDE HAND PROJEK
Solidariteit® Helpende Hand
Ons maak nog debietorders bymekaar. Onthou vir elke 15 wat ons inhandig kan ons gemeente R10 000 ontvang. Help ons om hiervan 'n sukses te maak.
Debietordervorms is agter in die saal. U kan die getekende vorms ingee by die kerkkantoor of by Karin Bain. Groete Karin

Kom drink lekker tee/koffie na die oggenddie
Susters van wyke E1en E2 versorg vandag die tee.
Wyksuster van E1 is **Erica Venter** en E2 is **vakant.**
Ons vra dat lidmate van hierdie wyke ook kom help.
Ons nooi nuwe lidmate om te kom om kennis te maak.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 6 Sondag 25 Februarie 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Loffie Eloff** B2, **Frans Coetzee** B3, diakens wyk B2 **vakant**, B3 **Dana du Plessis.**
Teeskink na die erediens: Susters van **wyke E1 en E2. Wyksuster van E1 is Erica Venter en E2 is vakant.** Lidmate van dié wyke word gevra om te help.
Huis Eikelaan 15:30 Ouderlinge van wyke B2 & B3. Loffie Eloff, Frans Coetzee
Bussiediens: Vandag ry **Terence Kent** 072 617 7553
Sondag **4 Maart** ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skrifgedeelte: 2 Korinthiërs 5:17 - 21; 1 Petrus 2: 21 - 24.
Fokusgedeelte: Mattheus 5:6
TEMA: ***Die seëning daarvan om honger en dors te wees.***
SING: Psalm 42: 1; Psalm 89: 1, 5, 6; Psalm 130: 1, 4; Psalm 24: 1, 3; Psalm 103: 1 – 3.

AAND: Skrifgedeelte: 2 Thessalonisense 2: 1 - 17
Fokusgedeelte: 2 Thessalonisense 2: 3
TEMA: Die ongeregtigheid word geopenbaar sodat Christus met heerlikheid kan kom
SING: Psalm 147: 1, 2, 4; Psalm 121: 1, 2, 4; Psalm 33: 5 - 9

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir die **Emeritaatsversorging.**
Volgende week is die kollekte die oggend vir ons **Jeugsorg**

Dagboek
6 Mrt: **Susters vergader om 18:30 in saal**
10 Mrt: **Sustersaamtrek**

Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens.**

KATEGESE
Vandag moet **Les 5** en **Psalm 36: 2a** geleer word.
Maandag lees *Laat My lammers wei* Hoofstuk 33
Volgende Sondag moet **Les 6** en **Psalm 36: 2b** geleer word.
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 16:00 – 16:40

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:



Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.
Dinsdagaande van 18:30 tot 19:30. Bybelstudie vir ouers met klein kinders (0 tot 10 jaar) by Beyers Naudelaan 38 (of soos anders gereël).
Kontak Jonker Venter (082 566 3216) vir meer inligting.

VERGADERINGS
5 Maart: Christelike onderwys om 17:30.
13 Maart: Eiendomskommissie om 18:00.

WYKSBYEENKOMS VIR WYK B2

Saterdag 3 Maart 2018 by die kerkgebou vanaf 10:00 tot 12:00
kontak vir **Loffie Eloff 082 798 5635** vir enige navrae.

Verlede Sondag, tydens die Nagmaalete is daar afskeid van my geneem as voorsitter van ons Sustershulpdiens. Ek bedank graag vir Karin en ds Ronald vir die vriendelike woorde asook vir die pragtige bos blomme wat ek ontvang het. Ek bedank ook al ons lidmate vir die hartlike samewerking en vriendelikheid wat ek deur al die jare van julle ontvang het. ***- Groete Nelly***

VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende die week verjaar baie geluk met hul verjaardag

28 Febr **Elmarie Venter,** Enselspoort, ☎ 083 454 5084
1 Maart **Flip Mostert,** Wynnstraat 7, ☎ 082 479 5233
2 Maart **Tinus Venter,** Uitsigstraat 42, ☎ 072 132 8356
3 Maart **Banie Boneschans,** Kromstraat 13, ☎ 082 568 4414
Frieda Theron, Nieuwestraat 11, ☎ 078 324 5267

Veertig jaar in die wildernis. (4)

Voor die bou van die ark.

Deur Ita Schulze

Seshonderd-duisend mans het uit Egipte getrek en saam met hulle hulle vroue en slawe en kinders en mense van gemengde bloed. Dit was so ongeveer twee-en-half tot drie miljoen mense. Hulle het al die besittings wat hulle kon dra, saamgeneem en geloop. Hulle het klere, beddegoed, kos, tente en ook nog hulle vee, skape, bokke en hoenders saamgeneem. Dit was ŉ baie swaar, stadige en moeisame tog.



Lugfoto van die Eksodusland, Sinai skiereiland.

Exodus 13:18, *'En die kinders van Israel het goed gewapend uit Egipteland opgetrek.'* Omdat hulle nie op die 'Pad van die Filistyne " getrek het nie maar deur die woestyn gegaan het, het hulle deur die Wadi Watir getrek. ŉ Wadi is ŉ ravyn, dit wil sê ŉ nou kloof met hoë skerp rande.

Númeri 33:8 *'En hulle het van Pi-Hágirot af opgebreek en dwarsdeur die see gegaan na die woestyn toe…en laer opgeslaan in Mara.'* Hulle het vir drie dae geen water gevind nie. En toe hulle by Mara kom vind hulle water maar die water was so bitter dat hulle dit glad nie kon drink nie. Moses het op bevel van die HERE ŉ stuk hout in die water gegooi en die bitter het weggegaan en hulle kon dit drink. Die woord 'dwarsdeur' is ŉ sterk woord wat die dringende swaar beweging van die trekkers beklemtoon. Dit word verder versterk deurdat hulle **deur** die see tot in die woestyn getrek het. Farao het die Israeliete agtervolg met ses-honderd van sy beste strydkarre en al die ander strydwaens van Egipte met sy beste soldate op elke kar. En God het sy volk deur die see gelei en die Egiptenare daarin laat verdrink. Eksodus 14 vanaf vers 16.

Voorbeeld van Wadi Watir.

(volgende week meer)

VANUIT KERKVERBAND

BEROEPE AANVAAR

- Proponent JAG Henning (Kosie) na Harrismith.
- Proponent JPL van Jaarsveld (Vickus) na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie.

BEROEPE BEDANK

- Ds C Jooste (Christiaan) van Waterberg na Brits.
- Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Komatipoort.

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** Sondag 18 Februarie 2018 was R 6 660 en die kollekte ten bate van die **Uitdra van die Evangelie** was R 2 590.

DIAKONIE SE KOSKAS

Koffie, suiker en langlewe melk is altyd baie welkom.
Die krat vir die nie-bederfbare produkte en skoon-maakmiddels is in die saal.

OPSOMMING VAN INKOMSTE & UITGAWES
2017 - 2018

Barmhartigheidsdiens

Ontvangste			**Uitgawes**		
Saldo Februarie 2017	R	40 043.73			
Maart 2017	R	25 030.00	Maart 2017	R	27 576.83
April. 2017	R	26 910.00	April 2017	R	24 859.88
Mei 2017	R	35 070.00	Mei 2017	R	28 360.66
Junie 2017	R	25 310.00	Junie 2017	R	27 668.86
Julie 2017	R	30 410.00	Julie 2017	R	34 991.90
Augustus 2017	R	34 270.00	Augustus 2017	R	30 377.56
September 2017	R	30 200.00	September 2017	R	24 280.64
Oktober 2017	R	28 460.00	Oktober 2017	R	28 585.73
November 2017	R	29 380.00	November 2017	R	36 325.12
Desember 2017	R	24 320.00	Desember 2017	R	29 242.42
Januarie 2018	R	32 260.00	Januarie 2018	R	22 222.83
Totaal ontvang	R	361 663.73	**Totaal uitbetaal**	R	314 492.43
Saldo op 31 Januarie 2018	**R**	**47 171.30**			

DIE VOLGENDE ATTESTATE IS ONTVANG:

Elizna Mulder, Sy woon in Dinki dameskoshuis 13B, NWU. Sy is in **Wyk D1.** Haar ouderling is Tom Chambers, diaken vakant en die wyksuster is Jozelle Smit.

Benjamin Boersema,. Hy woon in Mont-Serrat 41. Hy is in **Wyk D1.** Die ouderling is Tom Chambers, diaken vakant en die wyksuster is Jozelle Smit.

Annatjie Minnie. Sy is in Mooirivierversorging, Malherbestraat 56. Sy is in **wyk C5**. Die ouderling is André Vorster, diaken Fanie Coetsee en die wyksuster is Willie van der Walt.

OPGENEEM IN ONS GEMEENTE:

Lexi Benninghaus, Presidentstraat 44. Sy is in **wyk A2** en die ouderling en diaken is vakant. Die wyksuster is Jana van Ryssen.

Anneke Markgraaf, van Rivierpark 10. Sy is in **wyk B6**. Die ouderling is Flip Mostert, diaken vakant en die wyksuster is Alta Hugo

Juré Smit, woonagtig te Kruistraat 98. Hy is in **wyk A4.** Die ouderling is Kobus Havenga, diaken Rudy van der Spoel en die wyksuster Marié Badenhorst.

Al hierdie nuwe gemeentelede baie welkom in ons gemeente

God se Liefde in aksie!
Die afgelope week was ons gesin stomgeslaan deur ons gemeente se liefde en omgee. Aan almal wat gehelp het met ons kits-verhuising... baie, baie dankie!
Julle het ons wanhoop in hoop verander!
Dopperliefde... Bertie, Elsa en Botha du Toit

KOMMUNIKASIE MET KATKISASIE OUERS

Ons wil graag 'n whatsapp-groep stig sodat ons maklik datums en reëlings vir aksies aan die ouers van katkisante kan kommunikeer. Ons weet egter ook wat 'n frustrasie whatsapp-groepe is en daarom vra ons dat ten minste een ouer van elke katkisant deel sal word van die groep. **Josef Hibbert 074 172 7297**. Hiermee die skakel wat u kan volg om deel te word van die groep. https://chat.whatsapp.com/66vPgHB7dmXIdUAvFAuLtn

VERSLAG AAN GEMEENTE OOR DIAKONIALE DIENSWERK

Waarvoor het ons as gemeente die diakonie?

Ons as diakonie is daar om die gemeente aan te spoor en op te wek in hul liefdesdiens vir mekaar. Hierdie is 'n kardinale deel van ons Christenskap – van ons kerkwees as liggaam van Christus. Dit is ook 'n groot deel van ons heiligmaking – om mekaar te bedien met die liefde van Christus in ons strewe daarna om God te dien en Christus, ons Verlosser, na te volg. Ons verlossing is geanker in Christus en in Hom het ons ook 'n nuwe lewe – ons is saam met Hom opgewek. Ons word beklee met die nuwe mens. Hierin streef ons dan ook onder andere om ons naaste lief te hê soos onsself. Die naasteliefde betoon ons veral hier in die gemeente van Christus, maar ook buite die gemeente. Ons as diakonie wil u dus daarom aanspoor om uit te reik na u broers en susters in die geloof – nie uit dwang nie maar alleen omdat ons besef wat God aan ons eie siel gedoen het. Doen moeite om te hoor hoe dit werklik met 'n mede-broer en suster gaan en soek derhalwe waar u kan dien in die gemeente met u gawes wat die HERE vir u gegee het. Ef 4:7 *"Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus."*

Dit is belangrik om te weet dat ons as diakonie die dienswerk het om u as gemeente aan te spoor om mekaar lief te hê, om uit te reik na u mede-broer en suster in hul nood, hetsy eensaamheid, skaamheid, geestelike nood, finansiele nood en nog meer.

As ons as diakonie derhalwe op besoek kom, kom ons dus nie om geld te vra nie. Ons kom om u te bedien met die Woord van die HERE om u ook so aan te spoor om u medegelowiges te bedien met die liefde van Christus – om u gawes te gebruik wat God aan elkeen geskenk het.

Dit is baie moontlik dat ons as diakonie ook meermale faal in hierdie dienswerk van ons en daarom wil ons u ook aanspoor om ons te ondersteun in ons dienswerk en ons op te skerp waar ons moontlik nie ons dienswerk met die nodige ywer en passie doen nie en/of selfs ons te vermaan waar nodig.

Diakonale dienswerk

Daar is tans 22 wyke in ons gemeente en daar is 15 diakens.

Daar is drie **bedieningsgroepe** wat ons onlangs begin het. Die eerste groep bedien waar daar finansiële nood is en die diakonie **dagbestuur** is hier die koördineerder. Die tweede groep bedien waar daar eensaamheid en ouderdom is – hier is **Klaas Wyma** 084 802 3707 die koördineerder; en die derde groep bedien waar daar veral siekte is – 'n koördineerder word nog aangestel.

Die diakonie is nie verantwoordelik om al hierdie sorg, omgee en bystand

self te doen **nie**, maar alleen om daaroor toe te sien in die gemeente. As u as lid van die bruid van Christus dus êrens by een van hierdie groepe wil inskakel, skakel asseblief met een van die koördineerders waarna die reëlings dan verder getref sal word.

Ons inkomste die afgelope 11 maande was soos volg:

Kollektes: R 361 663.73

Skenkings: R 43 000 *(dit sluit in bydrae wat direk op die Diakonie se rekening inbetaal word)*

Hamburgerverkope: R 7 520

Die afgelope jaar het ons die finansies wat die HERE vir ons gegee het, deur middel van u as gemeentelid, soos volg aangewend:

Ons **maandelike** bedrag beloop tans ongeveer R24 500 wat ons bestee om in behoeftes te voorsien van sommige lidmate. Hierdie bedrag betaal ons aan ± 11 besoekpunte.

R 2 500 vir **buitengewone ondersteuning** binne die gemeente – nie maandelikse betalings en dus 'n eenmalige of tweemalige betaling en dit kan wissel van maand tot maand.

R 14 000 vir bankkoste
R 12 000 vir die Bet-Ezer projek –
R 6 000 vir die Kinder- en gesinsorg
R 12 000 vir SDDS: dit is vir ons kerk se kinderhuise

Ons is besonder dankbaar teenoor die HERE vir die finansiële gawes wat Hy gee waarmee ons ook in die gemeente kan dien waar daar nood is. Ons dank U ook as gemeente vir u oop harte en hande vir u medegelowiges wat nie so ruim ontvang nie.

Hamburgerbraai veral – dis 'n baie gesellige geleentheid elke laaste Vrydagmiddag/aand van die somermaande. Tydens hierdie geleentheid word daar heerlike hamburgers gemaak en verkoop vir R20, wat die diakonie se fondse bystaan. Hierdie is 'n baie gesellige geleentheid vir u om ook die res van die gemeente te leer ken. Kom deel in die geselligheid. Ons beoog speletjies, tafeltennis en bordspeletjies en dalk selfs darts. Bring jou eie vleis as jy nie 'n hamburger kan of wil koop nie.

Ons herinner ook aan die koskas. Onthou om *"In die Kerkwerf"* dop te hou – daar is gereeld 'n berig waar daar gevra word vir spesifieke nie-bederfbare produkte, toiletware en skoonmaakmiddels. Hierdie is nog 'n geleentheid waarby u ook kan sorg vir u medegelowiges.

Ons herinner u ook aan die nagmaaletes wat vier keer per jaar gehou word. Dit is 'n baie gesellige geleentheid waar daar heerlik saam gekuier en saam geëet word. U kan ook die Kerkwerf dophou vir inligting daaroor.

- Reinhart Boersema voorsitter Diakonie